



Hoe om ander te respekteer

Bladsy 1 van 2

Graad R tot 12

Voortrekkers moet van jongs af geleer word om ander en hulself te respekteer. As jy ander respekteer, sal hulle jou ook respekteer. Kinders moet nie net respek vir ander hê nie, maar ook vir hulle eiendom en ander se eiendom. Die spanoffisier moet hier 'n goeie voorbeeld stel en spanlede se aandag daarop vestig indien hulle nie met respek optree nie. Spanlede moet ook mekaar respekteer. Koop 'n lekker sappige spanspek en maak 'n lekker somerslaai. Span + respek = spanspek!

Stappe

1. Hier is 'n paar riglyne om respek aan ander te betoon. Lees dit deur en laat Voortrekkers kortliks kommentaar gee of bespreek.
 - Wees dankbaar. Sê dikwels dankie. Nie net teenoor jou ouers, maats of onderwysers nie, maar ook teenoor vreemdelinge, bv. die kassiere by die winkelsentrum.
 - Moenie net "dankie" of "ja" sê nie, sê "Dankie, ma".
 - Toon respek teenoor almal, maar veral teenoor ouer mense. Tree behulpsaam op teenoor jonger, ouer en swakker mense. Gee jou sitplek vir 'n ouer persoon, as daar te min plekke is.
 - Wag by die deur dat 'n ouer persoon eerste ingaan.
 - Kyk mense in die oë en groet hulle vriendelik.
 - Komplimenteer ander as hulle iets bereik het.
 - Praat beleefd met almal.
 - Maak 'n keuse om van mense te hou.
 - Wees 'n goeie luisteraar. Stel opreg in ander belang. Vra vrae dat hulle kan sien dat jy belangstel.
 - Wees betyds vir afsprake en kuiers, daardeur respekteer jy ander se tyd.
 - Leer ander respekteer wat anders as jy is – persone wat ander belangstellings het, van ander kulture is of ander perspektiewe het.
 - Respekteer die opinies van ander, al stem jy nie saam nie. Kierkegaard het gesê dat daar in baie gesprekke 'n tyd kom dat die gespreksgenote moet ooreenkom om te verskil.
 - Moenie ander oordeel voor jy hulle leer ken het nie.
 - Pas jou eie klere en besittings goed op.



Lewenskuns



Die
Voortrekkers

voortrekkers.co.za



Stappe

- Respekteer ander se eiendom.
 - Wees opreg.
 - Indien jy nie iets goed van of vir iemand kan sê nie, bly liewer stil.
 - Hou jou uit ander se sake uit. Hou jouself besig met verskillende aktiwiteite sodat dit nie vir jou nodig is om jou gedurig met ander se sake te bemoei nie.
 - Moenie ander uitsluit nie. Respekteer ander deur hulle te betrek in die geselskap. Jy hoef nie vriende met hulle te wees nie, jy kan net ordentlik wees.
 - Respekteer jouself. Leef gesond en moenie jou liggaam skade berokken (alkoholmisbruik by tieners) nie.
 - Trek netjies aan en wees goed versorg.
 - Doen wat jy sê jy gaan doen. Om betroubaar te wees, is 'n baie goeie eienskap.
2. Maak 'n lekker somerslaai met spanspek. Bestanddele: 2 koppies spanspekblokkies, 1 koppies perskestukkies, 1 koppie komkommerstukkies, 190 ml jogurt, knippie mosterd en sout na smaak. Meng alles en bedien op slaaiblaar. Laat spanlede help om dit te maak. Gesels oor respek terwyl julle die slaai maak.
 3. Speel spanspekhokkie met 'n spanspek en besems. Sien video.
 4. Waar kom die naam spanspek vandaan? So sommer vir die interessantheid! *Die storie is dat Sir Henry Smith (bekend as Harry) goewerneur van die Kaap elke oggend spek en eiers geniet het. Sy pragtige Spaanse vrou Juana Smith het vir ontbyt 'n sappige vrug verkies (spanspek). Dus Spaanse spek (spanspek).*
 5. Deel kode 4 met jou spanlede: 'n Voortrekker leef met respek.
 6. Bybelvers: Matteus 7:1–12.



Wenke

1. Gebruik rolspel om toneeltjies op te voer waar Voortrekkers met of sonder respek optree



Bronne

1. Somerslaai: Knuppeldik aan koningskos



Videos

1. Kyk die video **SpanspekHokkie**.

